

MATTEUS 9: 9-13

TUIS IN GOD SE TEENWOORDIGHEID

Kom tot rus en God se heilige teenwoordigheid

God se rus en vrede is voldoende om sy teenwoordigheid te kan beleef

God, die gemeente en die wêreld wil hoor wat ons hardop bely

Ons is ook nie skaam om te sing oor wat ons van God glo nie

Ons gee graag want ons ontvang ook graag

Lied 258: 1-2

Lied 219: 1-3

DIE WOORD KOM TUIS IN ONS HARTE

Met ons harte vol geloof, liefde en hoop, buig ons voor ons Verlosser en Vriend

Inleiding:

Tema: Varkhok, huis, paleis...

P1 Matteus en die tolhuis –

P2 Matteus en die woonhuis –

P3 Matteus en die spreekkamer –

Slot:

Bring die nood waarvan ons weet, na God wat alles weet

Ons luister na ander se belydenis van geloof, en bedink ook ons eie

Die lied neem ons almal saam op 'n geloofsreis saam met God

Lied 513: 1-3

DIE WÊRELD MOET WEET DAT DAAR BY GOD RUS IS

Met God se seën kan ons die nuwe lewe gaan leef

Amen ja, AMEN



S O N D A G 4 November 2018
24ste Sondag in Koninkrykstyf



Heuwelsein

09:00 Formelediens (Belydenisaflegging): Dr Charles

Teks: Matteus 9: 9-13

Tema: Varkhok, huis, paleis...

09:50 Kategese: Geen

10:30 Kruiskerk (Doop): Ds Mauritz

Teks: Lukas 19 : 1—10

Tema: "Hoeveel is jy werd?"

15:00 Diens vir Sothosprekendes: GEEN

18:00 Aanddiens: Ds Mauritz

Teks: Hebreërs 9 : 11—14

Tema: "God self maak ons gewetens stil"

DEURKOLLEKTE:
Doephuis

Diakens diensbeurte:	4 November Annie, Ina Visser, Rika, Magriet, Pierre, James, Deon	11 November Lourens, Petrusa, Trudie, Hennie, Linda, Martie, Deon
Ouderling diensbeurte:	4 Nov— Dippie Dippenaar 11 Nov— Pierre van Biljon	Kantoordiens: 04 Nov— Marie Elize Klopper 11 Nov— Chrisna van Wyk

ALGEMENE INLIGTING:

- **Alle nuwe lidmate!** Hartlik welkom hier by ons! Ons hoop dat jy hier tuis is en jou liefde vir Jesus hier wil uitleef. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal by die ouderling op en iemand sal jou kontak. By Kruiskerk, meld asb by die leraar aan.
- **Huisbesoek:** Indien u 'n behoefte aan huisbesoek het, kontak asb u Blok-leraar. Indien u bewus is van iemand wat dringend huisbesoek benodig kan u ons daarvoor skakel.
Dr Charles—079 895 3911 of 051 436 4769 Blokke B, D/F, E/G, H/I en M.
Ds Mauritz—079 895 3916 of 051 436 1644 Blokke A, C, J/K, L, N en O
Ons is hier vir jou!
- **Laat weet asb jou leraar van siekte, veral hospitalisasie.** Die hospitale het nie meer lyste beskikbaar waarmee ons lidmate kan opspoor nie. As jy ons nie laat weet nie, kan ons jou nie besoek nie ... en dis vir ons dominees baie sleg as dit gebeur. Laat weet ook asb wanneer persone "step downs" toe gaan
- **Ouers met peuters** wat formele diens bywoon, is welkom om in die kapel te gaan sit. Daar is klank en beeld en dit laat die kinders ook deel van die diens voel
- **Tee:** Ons drink elke Sondag tee tussen die oggenddienste by die luike. Dankie aan die teeskinkers!

KATEGESSE JAARAFSLUITING:

Dit is Sondag 11 November na afloop van die nagmaaldens. Ons nooi alle ouers saam met hulle kinders om die nagmaaldens by te woord om 9:30. Daarna sal die afsluiting in die saal plaasvind, met lekker roomys na die tyd.

BELYDENISKLAS 2018: Ons vra Heuwelkruin se voorbidding vir die volgende katkisanter wat op 4 November belydenis van geloof aflê: **Nicole Twigge; Werner Jansen; Alexander Klinker; Ronan Opperman; Hanno Strauss; Gean Viljoen**

Ons is soekers na waarheid, na lig en lewe, na God, na vergifnis en kwytskelding en na ware voedsel.

Die waarheid is in die Woord, Jesus is die lig en lewe, Jesus maak die onsigbare God bekend en die Lam van God is die volmaakte offer wat vir ons ewige kwytskelding verwerf.

Jesus het gesê: "Wie My liggaam eet en My bloed drink, besit die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag opwek. My liggaam is egte voedsel en my bloed is egte drank" Joh 6:54,55

Geloofsgelofte-offer:

Hierdie is 'n projek waar gemeentelêde die geleentheid kry om buiten die gewone maandelikse dankoffer, 'n addisionele dankoffer te gee. Jy het saam met die 2018 kalender so 'n koevert gekry (met rooi gedruk). Daar is ook nog geloofsgelofte-offerkoeverte in die portaal en kerkkantoor beskikbaar. Indien jy só 'n bydrae wil maak, kan jy die koevert in die kollektemandjie gooi, by die kantoor inhandig, of 'n elektroniese bankoorbetaling doen.

Dankoffers Baie dankie dat jy as lidmaat getrou jou dankofferbydrae vir Heuwelkruin se werk in God se koninkryk bydra!

Ons vra nie groter bydraes van lidmate nie—net dat ELKE lidmaat getrou sy/haar dankoffers sal bydra.

Vir u gerief, veiligheid en 'n konstante inkomste vir die gemeente, word u vriendelik gevra om elektroniese inbetalings te oorweeg. Neem asb u lidmaatsnommer saam wanneer u daarvoor gaan reël.
NG Gemeente Heuwelkruin, ABSA; Rek no: 470 583 266; Takkode: 632 005; Verw: U lidmaatnr

Pas asb aftrekorders ook elke jaar aan, dit kan net meehelp om ons verpligtinge oral na te kom.

Indien jy graag 'n spesiale bydrae t.o.v. 'n spesifieke projek van die gemeente wil maak, kan jy dit ook so spesifiseer wanneer jy 'n EFT-oorbetaling maak. Dit sal dan vir daardie spesifieke doel aangewend word.

LIEF EN LEED

- Baie welkom aan die ouers, grootouers, gesinslede, familie en vriende van die kinders wat vandag belydenis van geloof voor God en sy gemeente aflê. Wat 'n voorreg en geloofsmylpaal
- Hendrie Pool (B) Herstel tuis na nieroperasie
- Leonora Ceronio (E/G) Ontvang bestraling
- Lizzy Kahts (M) Ontvang chemoterapie
- Linda en Johannes Beckmann (D/F) se moeders is albei baie ongesteld
- MATRIEKS wat besig is met hulle eindeksamens.—mag God kalmte vir elke vraestel gee

KLEINGROEPBEDIENING

BYBELSTUDIES:

- Dinsdag:** 09:00 Vrouebybelstudie—Marietjie Janse van Rensburg 083 285 2412
09:00 Bybelstudie—Hermine Watson 082 819 9623
18:00 -19:00 Bybelstudie (Blok O)—Fanie Snyman 082 780 8039
- Woensdag:** 09:00 Vrouebybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916
- Donderdag:** 09:30 Boek-vir-Boek Bybelstudie—Ds Mauritz 079 895 3916
- Vrydag:** 08:30 Vrouebybelstudie—Dr Charles 079 895 3911

OMGEEBEDIENINGS:

- Maandag:** 16:30 Gebedsgeleentheid—Christine du Toit 073 413 7790
19:00 Omgeegroep—Jannie Botha 084 294 8540
- Dinsdag:** 07:30 Omgeegroep (Manne) Ebben van Zyl 082 829 6170
18:00 Omgeegroep (Blok M) Robbie Robbertze 082 808 0170 (elke 2e week)
18:00 Omgeegroep (Blok D/G) Johannes Beckmann 079 883 9743
18:00 Omgeegroep (Blok C) Christa Mitchell 083 302 0430
18:30 Omgeegroep (Blok B) Johan Lamprecht 083 262 1419
18:30 Omgeegroep (Blok H/I) Ds Mauritz 079 895 3916
19:00 Omgeegroep (Blok J/K) Johann du Toit 082 467 5027
19:00 Omgeegroep (Algemeen) — Dr Charles Mitchell 079 895 3911
19:00 Omgeegroep (Dames) Ina Visser 083 407 1515
19:00 Omgeegroep (Mans) Jacques Olivier 082 807 2523
- Woensdag:** 14:30 Naaldwerkgroep—Clasina Theunissen 072 759 1732
15:00 Omgeegroep (Blok L)—Piet Heckroodt 082 410 6072
- Donderdag:** 18:30 Selgroep vir werkende jongmense—Elna de Waal 082 550 9916

BASAAR 2018 INKOMSTE

- ⇒ Basaar: R172 000!!!
- ⇒ Padwedloop: R12 500

Baie dankie nogmaals vir elkeen se hulp, ondersteuning, bydraes en harde werk!!!

LET WEL:

- 'n GROOT dankie aan elkeen wat van die **klereverkoop** van Vrydag 'n groot sukses gemaak het. Alle klere, hulp en meelewing was welkom
- Indien u dalk sukkel om in die kerk te **hoor**, oorweeg dit om vorentoe te sit. Klein luidsprekers aan die kante voor, help om beter te kan hoor
- Sterkte aan die **matrieks** met die laaste skof
- By Preller Walk is 'n **posbus** waarin strokies vir Heuwelkruin gegooi kan word
- Ons benodig kategete vir 2019. Indien jy geroepe voel tot hierdie heerlike voorreg, kontak ds Mauritz asb
- Ons benodig **voorsitters** vir die volgende 2 Lidmatekommissies: **ADFIN en JEUG**. As jy gelei voel om dit te doen, kontak asb. een van die leraars.
- Ons benodig 'n nuwe **klankoperateur** vanaf 4 Nov. Aansoeke by kantoor
- **Belangrike datums:**
 - ⇒ 7 November—**Kerkraadsvergadering (ons vra voorbidding hiervoor). Nominasievorms vir nuwe kerkraad in die portaal beskikbaar**
 - ⇒ 11 November—**Nagmaal**
 - ⇒ 15 November—**Aliquando-nagmaal**
 - ⇒ 18 November—**Kerssangdiens**

ONS BID VIR... HONDURAS Dit word deur sommige genoem die nommer 1 land vir moorde ter wêreld. Alhoewel 'n pragtige land wat op die "koffie-roete" geleë is, is dit die tweede armste in Sentraal Amerika, en daarom ook van die armstes in die suidelike halfmond. Ongeveer 65% van die inwoners leef onder die broodlyn en een derde van die bevolking is werkloos. Die armoede bring sy ellende mee en HIV/VIGS, kinderprostitusie, bendegegeweld en dwelmshandel veroorsaak die ontsettende geweld waarmee mense elke dag moet saamleef. Dis 'n land waarin vroue werklik as niks behandel word. Die meeste inwoners is Rooms maar daar is ongeveer 36% evangeliese Christene sedert die 1960's.

- Bid vir eenheid/samewerking tussen kerke twv die eer en koninkryk van God;
- Bid vir die verligting van sosiale probleme soos armoede, dwelms, dakloos;
- Bid dat die waarheid van die evangelie tot die regering en leiers sal deurdring;
- Bid vir die duisende mense wat vlug, op soek na 'n beter lewe

Week van 4 tot 10 November 2018

Hebreërs 9 : 11—14

Die tema van Hebreërs 9 is "'n voortrefliker erediens". Hebreërs kontrasteer die erediens onder die ou verbond met dié onder die nuwe verbond. Die aanloop (9 : 1—10) tipeer die Ou Testamentiese erediens. Hierteenoor gee 9 : 11—22 twee redes waarom die Nuwe Testamentiese erediens uitnemender as die oue is, en 9 : 23—28 beklemtoon die volmaaktheid en uniekheid van die erediens onder die nuwe verbond. Hebreërs 9 beskryf Jesus se diens as voortrefliker omdat dit verlossing bring.

In die Ou Testament het die hoëpriester die bloed van bulle/lammers op die altaar gesprinkel as versoening van die volk se sondes—dit moes jaarliks gedoen word. In die Nuwe Testament vloei Jesus (die Seun van God) se bloed eenmalig tot volkome versoening van al ons sondes.

Maandag:

Ons lees in Hebreërs 9 van Jesus se diens as Hoëpriester.

- Lees vers 12. Wat hoor jy in hierdie vers?
- Jesus se verlossingsdaad deur sy bloed word beskryf met die woord "diens". Gesels hieroor.

Dinsdag:

Vers 14 sê dat die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei ...

- Wat beteken dit om deur die bloed van Christus bevry te wees?
- Waartoe word ons bevry?

Woensdag:

Die diens van Jesus as Hoëpriester word as 'n "volkome offer" beskryf.

- Wat sou dit beteken?
- Waartoe inspireer dit die gestuurde kerk as geloofsgemeenskap in die wêreld?

Donderdag:

Jesus dien die wêreld deur sy lewe te gee.

- Hoe behoort die kerk in die wêreld te dien?
- Waarheen word die kerk orals gestuur?

Vrydag:

'n Probleem van die kerk is dat ons in ons gemaksones vasgevang word.

- Watter voorbeeld het Jesus vir ons gestel?
- Hoe kan die kerk in die wêreld op nuwe maniere dien?

Saterdag:

Lees môre se teksgedeelte ter voorbereiding vir die erediens. Wat hoor jy?

- **Hebreërs 9 : 24—28**